24.6 RAPPORT DEPUTATE SAAIERS VAN DIE WOORD FONDS

24.6 REPORT DEPUTIES SOWERS OF THE WORD FUND

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 *Opdragte* "2.7 Die Deputate kry opdrag om die fonds verder uit te bou. 2.8 Die Deputate kry opdrag om uitkerings kragtens die Reglement van die fonds toe te ken aan teologiese studente".	1.1 *Mandate* "2.7 The Deputies are commissioned to grow the Fund. 2.8 The Deputies are commissioned to award payments to theological students according to the Rules of the fund".
1.2 Die Deputate het hul opdragte kragtens die Reglement van die fonds uitgevoer (Acta 2015:469-470).	1.2 The Deputies have executed their assignments according to the Regulations of the fund (Acta 2015:469-470).
1.3 Die fonds is deur middel van *Die Kerkblad*, skrywes aan Kerkrade, en persoonlike oproepe aan uitge-soekte lidmate in die kerkverband bekendgestel.	1.3 The fund was made known by *Die Kerkblad*, letters to Church Councils, and personal calls to selected members in the churches.
1.4 Gedurende die tydperk 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2017 is R64 628 se bydraes ontvang. Dit bring die totale bedrag wat sedert die instel-ling van die fonds ingesamel is op R5 160 472.	1.4 An amount of R64 628 was received in the period from 1 January 2015 untill 31 March 2017. The total amount that has been contributed to the fund since its inception adds up to R5 160 472.
1.5 Die geld is in gelyke dele in Momentum se Faktor 7 fonds belê. Dit is een van die beleggingsfondse waar die EVT fondse tans belê is.	1.5 The money has been invested in equal amounts in Momentum's Factor 7 fund. This is one of the investment's funds where money of the EVT is also invested.
1.6 Sedert 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2017 is R290 000 in oorleg met die Kommissie vir Finansiële Ondersteuning van die Kuratore (KFO) uitgekeer.	1.6 From 1 January 2015 untill 31 March 2017 an amount of R290 000 has been allocated in consultation with the Curator's Commission of Support (CFO).
1.7 Die fonds het op 31 Maart 2017 op R5 904 910 gestaan.	1.7 On 31 March 2017 the fund stood on R5 904 910.
1.8 Die algemene finansiële toestand het 'n negatiewe effek op die fonds se groei gehad, maar die Trustees is optimisties dat daar in die toe-koms nog mooi vrug ten bate van teologiese studente wat hulself as Gereformeerde Woordverkondigers wil bekwaam, gelewer sal word.	1.8 The general financial situation had a negative effect on the fund's growth, but the Trustees are optimistic that good fruit will be delivered in future for the benefit of students who want to be trained as Reformed preachers of the Word.
<u>Aanbevelings</u>	<u>Recommendations</u>
2.1 Dat Deputate vir die Saaiers van die Woord fonds benoem word.	2.1 That Deputies for the Sower of the Word fund be appointed.
2.2 Dat een van die EVT-deputate op die Saaier van die Woord fonds benoem word. Hierdie Deputaat moet een van die finansieel kundige Deputate van die EVT wees (<u>Motivering</u>: die EVT-deputate doen reeds beleggings	2.2 That one of the EVT deputies is appointed as Deputy of the Sower of the Word fund. (<u>Motivation</u>: the EVT deputies already do investments on behalf of the church. Their know-how should be utilised.)

namens die kerkverband. Hul kundigheid behoort benut te word.)	
2.3 Dat kerke die Deputate help met kontakinligting van vermoënde lidmate wat tot die fonds kan help bydra.	2.3 That churches provide contact details (to the Deputies) of wealthy members that could contribute to the fund.
2.4 Dat begroot word dat die Deputate ses telefoonvergaderings kan hou en relevante korrespondensie aan Kerkrade uitgestuur word.	2.4 That the budget provides for six telephone conferences and for the distribution of relevant correspondence to the Church Councils.
<u>Opdragte</u>	<u>Commissions</u>
2.5 Die Deputate kry opdrag om die fonds verder uit te bou.	2.5 The Deputies are commissioned to grow the fund.
2.6 Die Deputate kry opdrag om uitkerings kragtens die Reglement van die fonds toe te ken aan teologiese studente.	2.6 The Deputies are commisioned to pay contributions to theological students according to the Rules of the fund.

Rapporteur: Br JJ Howell *Reporter*: Br JJ Howell